



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isicbo leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2025

GEOGRAFIE NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

AFDELING A:**VRAAG 1**

- | | | | | |
|-----|-------|--|---------|-----|
| 1.1 | 1.1.1 | B (1) | | |
| | 1.1.2 | D (1) | | |
| | 1.1.3 | C (1) | | |
| | 1.1.4 | A (1) | | |
| | 1.1.5 | B (1) | (5 x 1) | (5) |
| 1.2 | 1.2.1 | benede (1) | | |
| | 1.2.2 | 5 °C (1) | | |
| | 1.2.3 | dag (1) | | |
| | 1.2.4 | Koel (1) | | |
| | 1.2.5 | stygende (1) | (5 x 1) | (5) |
| 1.3 | 1.3.1 | (SW) Indiese (1) (Oseaan) | (1 x 1) | (1) |
| | 1.3.2 | Somer (1) | (1 x 1) | (1) |
| | 1.3.3 | 12 dae (1) | (1 x 1) | (1) |
| | 1.3.4 | Aangedryf deur die Oostewinde / Passaatwinde (2)
Geleë in die tropiese oostelike windgordel (2)
[ENIGE EEN] | (1 x 2) | (2) |
| | 1.3.5 | <u>WOLKLOSE TOESTANDE:</u>
Geen kondensasie vind plaas nie (2)
Lug sak / daal (2)
Lug verhit / adiabatiese opwarming (2)
Verdamping van vog / lug droog uit (2)
Sinkende lug verminder wolkvorming (2)
[ENIGE EEN]

<u>KALM:</u>
Baie swak drukgradiënt (2)
Lug daal (afwaarts nie horisontale beweging van lug nie) (2)
Winde konvergeer na die oogmuur (2)
Lug spiraal opwaarts in die oogmuur voordat dit die oog bereik (2)
[ENIGE EEN]
[ENIGE TWEE – MOET EEN GEE OOR “HELDER TOESTANDE” EN EEN OOR “KALM TOESTAND” VAN DIE OOG] | (2 x 2) | (4) |

- 1.3.6 Die tempo van verdamping neem toe wat meer waterdamp trek wat nodig is vir die vorming van wolke (2)
 Stygende warm lug veroorsaak grootskaalse kondensasie wat cumulonimbus (Cb) wolke vorm (2)
 Hoë humiditeit (hoë voginhoud) verskaf die vog wat nodig is vir die vorming van wolke (2)
 Konveksiestrome veroorsaak dat warm, klam lug vinnig styg en op hoër hoogtes afkoel (2)
 Die vinnig stygende warm lug sal afkoel en die vog kondenseer in waterdruppels (wolke) (2)
 Latente hitte word vrygestel (deur kondensasie) wat opwaartse strome versterk (2)
[ENIGE DRIE]
[GEEN DEELNASIEN NIE – 'N REDE EN 'N KWALIFISEERDER IS NODIG] (3 x 2) (6)
- 1.4 1.4.1 Kuslaag vorm aan die weskus en beweeg ooswaarts langs die kus (beweeg oor 'n streek), wat die weer beïnvloed / verander (2)
[KONSEP] (1 x 2) (2)
- 1.4.2 32°C (1) (1 x 1) (1)
- 1.4.3 Waai vanaf die binneland na die kus / langs 'n drukgradiënt / van 'n gebied met hoëdruk na 'n gebied met laëdruk (2)
 Soos die lug daal (die platorand) word dit warm (adiabaties) (2)
 (2 x 2) (4)
- 1.4.4 Gewasse verlep of vrek as gevolg van onvoldoende water (2)
 Droogtetoestande veroorsaak oesmislukking / verminderde opbrengste (2)
 Besikbaarheid van water verminder as gevolg van verhoogde verdampingstempo (2)
 Veegesondheidskwessies as gevolg van hitte / droogte (2)
 Verminder die watergehalte (in reservoirs, damme en riviere) (2)
 Verhoog besproeiingskoste (2)
 Grond meer vatbaar vir erosie/agteruitgang (2)
 Koste-implikasies van die herstel van beskadigde grond (2)
 Verminderde oesopbrengste as gevolg van hittestres (2)
 Verhoog die risiko van brande (vernietig gewasse / vee / weiveld) (2)
 Boere ontwortel weens brande / onherbergsame toestande (2)
 Verlies aan inkomste / ekonomiese verliese uit landbou-uitset (2)
 Skroei van gewasse / plante (2)
 Langtermyn grondagteruitgang vir landbou (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)
[40]

VRAAG 2

2.1	2.1.1	E (1)		
	2.1.2	C (1)		
	2.1.3	F (1)		
	2.1.4	D (1)		
	2.1.5	B (1)	(5 x 1)	(5)
2.2	2.2.1	Z (1)		
	2.2.2	Y (1)		
	2.2.3	Y (1)		
	2.2.4	Z (1)		
	2.2.5	Z (1)	(5 x 1)	(5)
	2.3.1	'n Hoogliggende gebied wat twee dreineringsbekkens skei (2) [KONSEP]	(1 x 2)	(2)
	2.3.2	X (1)	(1 x 1)	(1)
	2.3.3	Helling met sagter rots erodeer vinniger (2) Helling met steiler helling erodeer vinniger (2) [ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
	2.3.4	Hoofwaters / bron van water word afgesny (deur die rowerstroom) (2)	(1 x 2)	(2)
	2.3.5	Toename in watervolume veroorsaak groter afvoer (2) Meer water / groter afvoer verhoog erosie kapasiteit (2) Verhoogde energie / verjongde rivier as gevolg van die verhoogde volume / spoed van water (2) Vloei snelheid (spoed) neem toe met verhoogde watervolume (2) Verhoogde sediment vervoerkapasiteit as gevolg van die verhoogde spoed / volume van water (2) Verhoogde afvoer verhoog die risiko van oorstromings (2) Tempo van afsetting word verlaag as gevolg van verminderde snelheid/ afvloeï (2) Rivierafvoer kan onstuimig/turbulent word as gevolg van verhoogde energie (2) [ENIGE VIER] [GEEN DEEL NASIEN NIE – 'N REDE EN 'N KWALIFISEERDER IS NODIG]	(4 x 2)	(8)

2.4	2.4.1	Botswana (1) Zimbabwe (1) Mosambiek (1) [ENIGE TWEE]	(2 x 1)	(2)
	2.4.2	Menslike faktor: toename in aanvraag vir water (1) Fisiese faktor: klimaatsverandering (1)	(2 x 1)	(2)
	2.4.3	60 (1)%	(1 x 1)	(1)
	2.4.4	Kunsmis / oortollige voedingstowwe lei tot eutrofikasie / bevorderde alge-oplewing (2) Algbloei veroorsaak suurstofuitputting (2) Oortollige sediment kan die water vertroebel (2) Plaagdoders/onkruidodders verhoog die vlak van giftige chemikalieë (2) Afloop van vee veroorsaak verhoogde patogene/skadelike bakterieë (2) [ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)
	2.4.5	Bewusmakings- / opvoedingsveldtogte (2) Bufferingskepping van riviere / vestig bufferstroke (2) Bewaar oewersone (2) Beskerm vleilande (2) Gereelde toetsing / monitering van waterkwaliteit (2) Verseker OIB's uitgevoer / omgewingsinpakstadie (2) Herbebossing / bebossing/plant natuurlike plantegroei langs rivieroewers (2) Verminder landbou-afloop (2) Bevorder gebruik van organiese kunsmis (2) Verseker behoorlike behandeling van afvalwater (2) Aansporings om besoedeling te verminder (2) Wetgewing om besoedeling te voorkom (2) Die afdwinging van boetes op maatskappye wat besoedelend betrap word (2) [ENIGE DRIE]	(3 x 2)	(6)
				[40]

VRAAG 3

- | | | | | |
|-----|-------|---|---------|-----|
| 3.1 | 3.1.1 | C (1) | | |
| | 3.1.2 | A (1) | | |
| | 3.1.3 | A (1) | | |
| | 3.1.4 | B (1) | | |
| | 3.1.5 | C (1) | (5 x 1) | (5) |
| 3.2 | 3.2.1 | C (1) | | |
| | 3.2.2 | A (1) | | |
| | 3.2.3 | B (1) | | |
| | 3.2.4 | D (1) | | |
| | 3.2.5 | A (1) | (5 x 1) | (5) |
| 3.3 | 3.3.1 | Die afname in die aantal mense in landelike gebiede (2)
[KONSEP] | (1 x 2) | (2) |
| | 3.3.2 | Gebreekte strukture (deure / vensters) (1)
Vervaagde fasades / skilverf (1)
Verlate geboue (1)
Oorgroeide plantegroei (1)
Afwesigheid van menslike aktiwiteit (1)
Treinstasie werk nie (1)
[ENIGE TWEE] | (2 x 1) | (2) |
| | 3.3.3 | Ineenstorting van primêre nywerhede (veral landbou en mynbou) (1) | (1 x 1) | (1) |
| | 3.3.4 | Afname in werksgeleenthede / werksverliese (2)
Verhoogde armoede (2)
Verminderde plaaslike besteding (2)
Afname in waarde van eiendom (2)
Minder aantreklike plek vir beleggers (2)
Verhoogde reiskoste om toegang tot goedere te verkry (2)
Verhoogde pryse as gevolg van beperkte mededinging (2)
Afname in plaaslike belastinginkomste (2)
[ENIGE TWEE] | (2 x 2) | (4) |

3.3.5	Migrasie ontwig gesinsstrukture (2) Geboortesyfer daal (2) Breindreinerling (2) Verouderende bevolking (2) Afname in dienste (2) Sosiale insolasie (2) Toename in misdaad / maatskaplike euwels (2) Erosie van gemeenskapsidentiteit (2) Afsterwe lewenskwaliteit (2) Toename in armoede (2) [ENIGE DRIE]	(3 x 2)	(6)	
3.4	3.4.1	Toenemende (1)	(1 x 1)	(1)
	3.4.2	Dig bebou (1) Hoogs vlambare materiale (1)	(2 x 1)	(2)
	3.4.3	Swak toeganklikheid (2) Toegang is beperk (2) Beperk / toegang word geweier (2) Moeilik om te navigeer (2) Neem langer / vertraag reaksietyd (2) Ondoeltreffende reaksie (te laat) (2) [ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)
	3.4.4	Lewer beter dienste (aanvaar voorbeelde) (2) Toegang tot beter nooddienste (aanvaar voorbeelde) (2) Kaart nedersetting om duidelike uitleg te skep om navigasie te help (2) Leer inwoners oor brandgevaar (2) Ontwerp 'n ontruimingsplan (2) Voorsien sterker boumateriaal (2) Bevorder die gebruik van minder vlambare boumateriaal (2) Toegang tot behoorlike behuising (aanvaar voorbeelde) (2) Bevorder spasiëring tussen huise (2) Voorsien beter infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) (2) Maak foutiewe elektriese bedrading / verbindings reg (2) Installeer brandalarms / gemeenskapswaarskuwingstelsels (2) Vestig noodskuilings / noodlenigingsfondse (2) [ENIGE VIER]	(4 x 2)	(8)
				[40]

AFDELING B:**VRAAG 4**

4.1	4.1.1	A (1)	(1 x 1)	(1)
	4.1.2	C (1)	(1 x 1)	(1)
	4.1.3	B (1)	(1 x 1)	(1)
	4.1.4	(a) 780 m (1)	(1 x 1)	(1)
		(b) $625 \text{ (m)} - 615 \text{ (m)}$ (1) = 10 m (1)	(2 x 1)	(2)
		(c) $VI = \frac{10 \text{ (m)}}{HE = 780 \text{ (m)}}$ (1) (Korrekte vervanging)		
		1 : 78 (1)	(2 x 1)	(2)
		(d) Goedkoper om op 'n geleidelike helling te bou (2) Makliker om op 'n geleidelike helling te bou (2) Beter toeganklikheid vir konstruksievoertuie (2) Veiliger om op 'n platter grond te bou (2) [ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
4.2	4.2.1	Eksotiese (1)	(1 x 1)	(1)
	4.2.2	Rivierbron in 'n nat gebied; vloei deur droë streke (2) Vloei deur 'n streek wat min reën kry, maar 'n aansienlike vloei of water het (2) [ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
	4.2.3	Geen obstruksie tussen die twee punte nie (1) Punthoogte 844 is vanaf punthoogte 824 sigbaar (1) [ENIGE EEN]	(1 x 1)	(1)
	4.2.4	Die lug aan die bokant koel vinniger af as die lug aan die onderkant van die rif / 'n beduidende temperatuurverskil word geskep (1) Die digte koue lug vloei teen die helling af / swaartekrag trek die digte lug teen die helling af (1)	(2 x 1)	(2)
	4.2.5	Verspreid (1)	(1 x 1)	(1)
	4.2.6	Beperkte toegang tot dienste (1) Gebrek aan sosiale interaksie (1) Beperkte gemeenskapsondersteuning (1) Kwesbaar vir misdaad / sekuriteitskwessies (1) Kan nie hulpbronne deel nie (1) [ENIGE EEN]	(1 x 1)	(1)

4.2.7	(a)	Stroom-op (1)	(1 x 1)	(1)
	(b)	Afsny / vertikale erosie maak die kloof dieper (2) Voorwaartse erosie wat die waterval stroomop laat terugtrek en die kloof verleng (2) Laterale erosie maak die kloof wyer (2) Erosie kan 'n meer ruwe / steiler helling skep (2) [ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
	(c)	Lok toeriste/toerismeverwante besighede (aanvaar voorbeelde) (1) Verskaf werk (1) [ENIGE EEN]	(1 x 1)	(1)
4.3	4.3.1	Die proses om inligting oor 'n gebied op 'n afstand in te samel / sonder om fisiese kontak te maak (2) [KONSEP]	(1 x 2)	(2)
	4.3.2	Raster (1)	(1 x 1)	(1)
	4.3.3	Het hoër ruimtelike resolusie (1) Minder geraak deur wolkbedekking / obstruksies (1) Goedkoper (1) [ENIGE TWEE]	(2 x 1)	(2)
	4.3.4	Beskermde gebied (1) Ry bome (1) Geen ontwikkeling/beperkte menslike aktiwiteite (aanvaar voorbeelde) naby rivier (1) [ENIGE EEN]	(1 x 1)	(1)
	4.3.5	Beskerm die watergehalte (2) Verminder besoedeling (2) Verminder sediment afloop (2) Erosie beheer (2) Stabiliseer die rivieroewer (2) Vloedbestuur (2) Handhaaf akwatiese prosesse (2) Beskerm rivier-ekosisteem (2) [ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
				[30]
TOTAAL AFDELING B:				30
GROOTTOTAAL:				150